



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:



Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Kommunikatiewe Taal (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1

Elke wêreldbeker-sokkertoernooi tot dusver het 'n gelukbringer gehad. Zakumi is Suid-Afrika se gelukbringer vir die 2010-toernooi.

Bestudeer die prentjies en die teks hieronder, lees die teks op bl. 3 en beantwoord dan die vrae daarvoor.

				
				
				
<p>1966: World Cup Willie, Engeland</p>	<p>1970: Juanito, Mexiko</p>	<p>1974: Tip en Tap, Wes-Duitsland</p>	<p>1978: Gauchito, Argentinië</p>	<p>1982: Naranjito, Spanje</p>
<p>1986: Pique, Mexiko</p>	<p>1990: Ciao, Italië</p>	<p>1994: Striker, Amerika</p>	<p>2010: Zakumi, Suid-Afrika</p>	
<p>1998: Footix, Frankryk</p>	<p>2002: Kaz, Ato en Nik, Korea/Japan</p>	<p>2006: Goleo, Duitsland</p>		

ZAKUMI: kolle vir Afrika

- 1 Zakumi, die vrolike luiperd met groen hare, is Suid-Afrika se gelukbringer vir die Wêreldbeker- sokkertoernooi in 2010.
- 2 Die 'ZA' in sy naam dui op die Nederlandse verkorting van Suid-Afrika, en 'kumi' beteken 'tien' in verskeie Afrika-tale. Hy is op 16 Junie 1994 gebore – op Jeugdag – en hy sal in 2010 sestien jaar oud wees. Sy verjaarsdag is simbolies van ons demokratiese land.
- 3 Zakumi is die twaalfde gelukbringer van die Wêreldbeker-sokkertoernooi sedert Engeland die leeu, World Cup Willie, in 1966 aan die wêreld bekendgestel het. Hy was 'n mens wat in 'n leeu-pak rondgeloop en gedans het, nes Zakumi 'n mens in 'n luiperdpak is. Willie was ook 'n strokiesprentkarakter en die amptelike lied van die Wêreldbeker-toernooi het oor hom gehandel. Hy was ook die enigste gelukbringer tot dusver wat nie 'n sokkerbal gehad het nie. Gelukkig was dit nie 'n slegte voorteken nie, want Engeland het Wes-Duitsland met 4-2 verslaan en vir die eerste keer die Wêreldbeker gewen.
- 4 As 'n mens die prentjies bestudeer, kan jy sien dat daar sedertdien in elke gasheerland 'n gelukbringer(s) was. In 1982 het die gelukbringer effens van gedaante verander met Spanje se Naranjito ... 'n lemoen. Vier jaar later is die kostema voortgesit toe Mexiko op 'n jalapeño-rissie met 'n snor genaamd Pique besluit het. Daarna het die diereryk weer aan die beurt gekom met Amerika se hond en Frankryk se haan.
- 5 Net toe almal gedink het hulle weet hoe 'n gelukbringer lyk, word hulle verras toe die fantasie-mal Japan en Korea – die eerste gesamentlike aanbieders van 'n Wêreldbeker-toernooi – in 2002 met drie rekenaar-geanimeerde kreature as gelukbringers vorendag kom. Dit was ook die eerste keer dat 'n gasheerland sy gelukbringer se produkte aanlyn op Fifa se webtuiste verkoop het.
- 6 Met die vorige toernooi het die Duitsers besluit dit is weer tyd vir 'n leeu. Sy maat was die sokkerbal Pille, 'n pratende bal met 'n verskeidenheid gesigsuitdrukkings. Goleo was nie baie populêr as gelukbringer nie – party mense was vies omdat hy nie 'n broek gedra het nie, maar die toernooi het baie vir Duitsland beteken. Meer as twee miljoen buitelandse besoekers het Duitsland tydens die toernooi besoek, toerisme het met 31 persent toegeneem en werkloosheid het met 29 persent gedaal.
- 7 Vier lande het al sedert die gelukbringer bygekom het, hul Wêreldbeker-sokkertoernooie gewen. Hulle is Engeland in 1966, Duitsland in 1974, Italië in 1990 en Frankryk in 1998. Kan Suid-Afrika die vyfde word?

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 2008]

- 1.1 Zakumi is 'n luiperd met groen hare. Om watter rede, dink jy, het Zakumi se ontwerper besluit om sy hare spesifiek *groen* te maak? (1)
- 1.2 Hoe het die ontwerper die land en die jaar van die volgende Wêreldbeker-sokkertoernooi in Zakumi se naam inkorporeer? Verduidelik in jou **eië woorde**. (1)
- 1.3 Watter ooreenkoms is daar tussen die eerste gelukbringer van die Wêreldbeker-sokkertoernooi en Zakumi? (1)
- 1.4 Wat het 'World Cup Willie' anders as alle ander gelukbringers tydens die ander Wêreldbeker-sokkertoernooie gemaak? (1)
- 1.5 Hoe het die gelukbringer in 1982 'effens van gedaante verander'? (1)


- 1.6 1.6.1 Wat het die **aanbieding** van die 2002 Wêreldbeker-sokkertoernooi uniek gemaak? (1)
- 1.6.2 Watter bewys kry 'n mens dat die mense van Japan en Korea 'fantasie-mal' is? (1)
- 1.7 Goleo, 'n leeu, was die gelukbringer tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Duitsland.
- 1.7.1 Wat het Goleo se sokkerbal anders gemaak as ander gelukbringers s'n? (1)
- 1.7.2 Wat sou miskien van Goleo 'n populêrder gelukbringer gemaak het? (1)
- 1.8 Kyk na die prentjies van die verskillende gelukbringers. Lees ook die beskrywings in die teks. Gee dan 'n voorbeeld van één gelukbringer wat iets uitbeeld wat **tipies** van sy land is. Noem ook die ding wat tipies van die land is. (1)

[10]

VRAAG 2

Aan die begin van hierdie jaar is Barack Obama as die eerste swart president van Amerika ingehuldig. 'n Spesiale motor is gebou om hom in enige situasie te beskerm.

Bestudeer die onderstaande grafiese voorstelling van sy Cadillac, lees die beskrywings in die blokkies en beantwoord dan die vrae wat volg.



[Vertaal: Bron <CNN.com>]

- 2.1 Volgens een van die byskrifte sal president Obama se motor se petroltenk nie ontplof nie. Waar sal Obama iets kan kry om die vuur mee te blus indien die motor wel sou brand? (1)
- 2.2 Die motor is só ontwerp dat die president in die motor kan sit en werk. Watter twee dinge maak dit vir hom moontlik? Gee net twee toepaslike woorde uit die teks. (1)
- 2.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys: Obama, sy vrou en hul twee dogters kan almal agterin die Cadillac ry. (2)
- 2.4 Groot dele van die motor is aangepas en verander vir Obama se veiligheid. Wat het die ingenieurs by Cadillac egter nie in die bestuurskajuit verander nie? (1)
- 2.5 Wat sal die insittendes en passasiers van die motor beskerm indien hulle oor 'n bom ry? (1)
- 2.6 Watter voorsorg is getref indien die president **ernstig** beseer sou word? (1)
- 2.7 Daar is net een plek in die motor waardeur insittendes uit die motor kan kom as die deure nie wil oopgaan nie. Watter plek is dit? (1)

- 2.8 Met watter twee wapens sal die motorbestuurder kan terugveg as die motor aangeval word? Gee net twee toepaslike woorde uit die teks. (1)
- 2.9 Wat word die motorbestuurder ook nog in die teks genoem? Gee net die woord. (1)

[10]

VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande advertensie met Susan se dagboekinskrywing daarin en beantwoord die vrae wat volg.

[Uit: Huisgenoot, 3 April 2008]

- 3.1 3.1.1 Hoekom moet Susan vroeg in die oggend van die huis af vertrek? Sê in jou **eie woorde**. (1)
- 3.1.2 Hoe laat het Susan by die werk aangekom? Skryf die **woord** neer. (1)
- 3.1.3 Hoe kan 'n mens sien dat Susan ontsteld is omdat sy alweer laat is? Gee een duidelike bewys. (1)
- 3.2 Wat kan Susan ook in die moeilikheid laat beland, behalwe die feit dat sy laat vir werk was? (1)
- 3.3 3.3.1 Kyk na die verpakking van die **Jungle Snack Mix Bar**. Hoekom, dink jy, het Susan baie beter gevoel nadat sy hierdie stafie geëet het? Verduidelik in goeie Afrikaans. (1)
- 3.3.2 Motiveer waarom 'n mens kan sê dat Susan die stafie **baie geniet** het. (1)
- 3.4 Op die laaste drie reëls lyk Susan se handskrif baie kalmer: Sy skryf netjies tussen die reëls en haar letters is meer egalig. Verduidelik **hoekom** dit soveel anders lyk as by die res. (1)
- 3.5 Hoe weet ons dat Susan definitief nie hierdie inskrywing in verlede jaar se dagboek gedoen het nie? (1)
- 3.6 Kyk na die **onderafdelings/onderverdelings** van Susan se dagboek. Waarvoor kan Susan óók haar dagboek gebruik, behalwe om haar daaglikse roetine neer te skryf? Sê in jou eie woorde. (2)

[10]

30 punte



AFDELING B**OPSOMMING****VRAAG 4**

Lees die volgende wenke oor wat ouers kan doen om dit makliker vir hul kinders te maak wanneer hulle huiswerk moet doen. Som die 7 belangrikste wenke puntsgewys op.

- Nommer jou wenke van 1 tot 7.
- Begin elke keer met 'n werkwoord. Voorbeeld: **Leer** jou kind om ...
- Jou lysie moet 70 woorde lank wees.
- Skryf jou lys wenke in jou eie volsinne sinne.
- Moenie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou wenke neer.

HAAI OUERS! GEE AANDAG!

Baie ouers weet nie altyd wat om te doen om hulle kinders met hul huiswerksituasie te help nie. Hulle het self so lank gelede laas studeer dat die hele idee vir hulle baie vreemd is.

Kinders behoort nie naby 'n TV of speletjies te wees wanneer hulle huiswerk doen nie. Ouers moet 'n plek in die huis skep waar kinders se aandag nie afgetrek kan word nie.

Kinders leer op verskillende maniere. Ouers kan kinders help om die regte leermetodes te vind. Moet dit nie aan die skool oorlaat nie.

Baie kinders bring smiddae in 'n nasorgsentrum deur. Ouers moet seker maak dat al die huiswerk vir die volgende dag gedoen is. Moenie net hulle woord aanvaar oor watter huiswerk vir die volgende dag gedoen moet word nie. Vra jou kind om sy dagboek te bring en kyk self wat daarin staan.

Ouers moet seker maak dat kinders alles het wat hulle vir skoolprojekte benodig; daarna is dit nie verkeerd om leiding te gee met hulle projekte nie. Moet egter nie die werk vir hulle doen nie.

Kinders het al handtekeninge vervals. Ouers moet sorg dat hulle self huiswerk, korreksies en toetse onderteken.

Moenie jou kinders kamer toe stuur om vir 'n uur of twee te gaan leer nie – hulle sal nie. Hulle moet eerder vir twintig minute leer en dan vir tien minute ontspan voordat hulle weer vir twintig minute leer.

[<www.mieliestronk.com>]

10 punte

AFDELING C**POËSIE****VRAAG 5****VOORBEREIDE GEDIG****IN MEMORIAM: STROOI – Marlise Joubert**

1 sonder die veld se geur
 2 van wit lelies in 'n vuus
 3 of die trae note van gesang en gebed
 4 sonder 'n graf of 'n woord van eerbetoon
 5 sterf hy op die vaal handdoek
 6 op 'n skoongeskropte tafel
 7 eerloos
 8 en ek onthou Lucebert:
 9 alles van waarde is weerloos

10 sonder 'n sug en sonder protes
 11 sterf hy stil en donker
 12 terwyl die bloed oor die lip
 13 bly stoot
 14 terwyl die pyn die gapende wond verlaat
 15 en elke pupil al groter rek
 16 om verlossing in te laat
 17 terwyl my kind se hand
 18 die troetelkop bly troos bly troos
 19 en ek onthou Lucebert:
 20 alles van waarde is weerloos

21 sonder dat jy weet dat ons hom groet
 22 word sy lyfie riemslap onder die naald
 23 lê die swart pels in 'n boog gestol
 24 half verleë die wit sokkies
 25 van sy pote oor mekaar gevou
 26 die bors se wit ster
 27 gevlak en rou
 28 en ek onthou van Lucebert

29 so moes ek hom verlaat
 30 sonder 'n lied of die veld se geur
 31 en ek onthou terwyl ek huil
 32 teësinnig teen die misreën op die ruit
 33 my vingers om die stuur geklem en koud
 34 dat ook hy, ja tog,
 35 soos 'n mens van waarde was
 36 'n keelronde warmte kon gee
 37 met kromgeskuur teen jou kuit
 38 weerloos in sy dierlikheid
 39 en onvoorwaardelik elke dag
 40 veertien jaar lank
 41 getrou op ons tuiskoms kon wag

(18.5.98)

- 5.1 Lees die eerste strofe. Noem twee maniere waarop die spreker Strooi graag sou vereer. Gebruik jou **eie woorde**. (2)
- 5.2 Die spreker onthou die woorde van die Nederlandse digter Lucebert: *alles van waarde is weerloos*.
- 5.2.1 Verduidelik in jou **eie woorde** hoe Strooi vir die spreker en haar gesin 'van waarde' was. Noem slegs een feit. (1)
- 5.2.2 Hoekom is Strooi op die oomblik 'weerloos'? Sê in **jou eie woorde**. (1)
- 5.3 Wat is die funksie van die **herhaling** in reël 18? (1)
- 5.4 Strooi is moontlik ernstig beseer in 'n ongeluk of 'n geveg met 'n ander dier. Gee 'n geldige rede uit die gedig hoekom ons so kan sê. (1)
- 5.5 **'word sy lyfie riemslap onder die naald'**
Na watter naald word hier verwys? Sê volledig. (1)
- 5.6 5.6.1 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê watter kleur Strooi hoofsaaklik was. (1)
- 5.6.2 Op watter ander **liggaamsdele**, behalwe sy bors, was hy ook wit? Gee slegs een woord as antwoord. (1)
- 5.7 Baie digters skryf soms gedigte as **odes** of **huldeblyke** aan mense wat gesterf het. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat bewys dat hierdie gedig ook 'n huldeblyk aan die spreker se dooie kat is. (1)

[10]

VRAAG 6 ONVOORBEREIDE GEDIG**HUISKAT – Elisabeth Eybers**

- 1 Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
 2 behaaglik om haar luiperdlies te lek,
 3 rol om en lê fluwelig oopgevlak
 4 dat keel en bors en buik die son kan suig.
- 5 Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
 6 en anoniem. Smal skerwe van agaat
 7 staar koud uit die driehoekige gelaat.
 8 Arglistig, vloeibaar, soos 'n blink reptiel
- 9 van los en lenig wees versadig: sy
 10 sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
 11 ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
 12 sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
 13 Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
 14 sy haar oë, kronkel by my greep verby.

- 6.1 Gee 'n bewys dat die kat in **gedig 1** belangriker vir sy eienaar was as die kat in **gedig 2**. (1)
- 6.2 In die laaste strofe van **gedig 1** beskryf die spreker haar kat se 'keelronde warmte'. Watter enkele woord in **gedig 2** staan in skerp **kontras** met die eerste spreker se beskrywing? (1)
- 6.3 Die kat in **gedig 2** lyk asof sy meer in haarself as in haar huismense belangstel. Haal 'n versreël uit **gedig 1** aan wat bewys dat Strooi se huismense vir hom baie belangrik was. (1)
- 6.4 6.4.1 Hoe het Strooi soms op fisieke wyse sy liefde vir sy huismense gewys? Haal aan of verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 6.4.2 Sê in jou **eie woorde** hoe die kat in **gedig 2** optree wanneer háár eienaar liefde aan haar wil bewys. (1)
- 6.5 Die leser kry in **gedig 1** 'n goeie idee van hoe Strooi gelyk het. Watter **enkele woord** in **gedig 2** impliseer dat hierdie kat moontlik kolle gehad het? (1)
- 6.6 Strooi word deurgaans as 'n **warm, liefdevolle** kat beskryf. Met watter koue dier word die kat in **gedig 2** vergelyk? (1)
- 6.7 6.7.1 Wat het die veearts in **gedig 1** uiteindelik met Strooi gedoen? (1)
- 6.7.2 Sê in jou **eie woorde** wat die veearts met die kat in **gedig 2** gedoen het. (1)
- 6.8 Gee 'n voorbeeld van 'n **paradoks** uit die gedig. (1)

[10]

VRAAG 7**VOORBEREIDE GEDIG****LEEU IN DIE DIERETUIN – S J Pretorius**

- 1 Sy sien die maanhaar op die grou beton,
 2 sy ore stomp, sy lang stert spitsgekwas,
 3 geel flikkerende oë in die son,
 4 en wonder of hy soms nie in die gras
- 5 waar Pappie Sondags ry graag sou wou speel:
 6 hoe wreed om tussen mure ingeperk
 7 te ly ... mens voel asof jy hom moet streef
 8 en argloos vat sy aan die traliewerk.
- 9 Toe storm hy met donderende gebrul
 10 en gryp die vingers styf van vrees gekrul
 11 en byt deur senings sonder mededoë
 12 en skeur die vleis en been totdat die bloed
 13 'n kabbelende stroom word en ver, soet
 14 groen vlaktes opdans voor sy droewe oë.

- 7.1 Watter enkele woord in versreël 1 vertel reeds vir die leser dat ons hier met 'n leeu te doen het? (1)
- 7.2 Tussen watter twee strofes vind ons 'n voorbeeld van **enjambement**? (1)
- 7.3 Sê in jou **eie woorde** wat die dogtertjie se pa gewoonlik Sondae saam met sy gesin doen. (1)
- 7.4 Hoekom het die dogtertjie jammer gevoel vir die leeu? Verduidelik in jou **eie woorde**. (1)
- 7.5 '... tussen mure ingeperk ...' Haal **een woord** aan wat verwys na iets anders, behalwe die mure, wat die leeu 'ingeperk' het. (1)
- 7.6 Sê kortliks wat 'argloos' in versreël 8 beteken. (1)
- 7.7 Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n **sonnet**. Waar kom die ommekeer/wending in die inhoud van die gedig? (1)
- 7.8 Hoekom, dink jy, hardloop die dogtertjie nie weg wanneer die leeu op haar afstorm nie? (1)
- 7.9 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan wat sê dat die leeu geen genade aan die kind betoon nie. (1)
- 7.10 Hoekom, dink jy, word die leeu se oë 'droewe oë' genoem? (1)


[10]

30 punte

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Hierdie advertensie met die opskrif 'WEES BLY JY'S 'N MAN' het onlangs verskyn. Bestudeer die advertensie. Skryf dan die sinne wat daarop gebaseer is oor soos aangedui.



[Advertensie: Heineken]

- 8.1 John vra vir James of hy saam met hom 'n drankie wil gaan drink.
John vra: "..."(1)
- 8.2 James dink nie aan allerhande dinge om te doen nie. Hy fokus net op die drankie wat hy gaan drink.
James dink nie aan allerhande dinge om te doen nie, aangesien ...(1)
- 8.3 John nooi ook vir Sandy sodat sy saam met hulle kan gaan.
John nooi ook vir Sandy om ...(1)
- 8.4 James gaan dadelik na die restaurant toe. Sandy is al lank verlief op James.
James, op wie ..., ...(1)
- 8.5 Sandy koop gereeld nuwe klere by die duurste boetieks om James te beïndruk.
In die verlede ...(1)
- 8.6 Gaan Sandy sowel 'n kniebroek as 'n bloes na die restaurant toe aantrek?
Nee, Sandy gaan ...(1)
- 8.7 Sandy besluit op 'n denim en 'n geblomde bloesie. Sy weet nie watter skoene om aan te trek nie.
Nadat ..., ...(1)

- 8.8 Sy kies uiteindelik 'n gemaklike paar sandale, maar sy weet nie of alles bymekaar pas nie.
'n Paar minute gelede ..., maar sy weet nie of alles bymekaar pas nie. (1)
- 8.9 Het jy al 'n meisie met soveel skoene soos Sandy ontmoet?
Nee, ... (1)
- 8.10 Sandy kom by die restaurant aan, maar sy kan nie besluit wat sy wil drink nie.
Sandy kan nie besluit wat sy wil drink wanneer ... (1)
- 8.11 Die verskeidenheid is baie groot, tog hou sy van niks wat sy sien nie.
Al ... (1)
- 8.12 Sandy kies uiteindelik 'n aarbei-melkskommel om haar dors te les.
'n Aarbei-melkskommel... (1)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die volgende paragraaf wat ook op die advertensie gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.

Die advertensie op bladsy 13 probeer bewys dat dit vir mans baie **9.1 (eenvoudig** – gee die vergrotende trap) as vir vrouens is wanneer hulle besluite moet neem. 'n Man sal nie eers **9.2 (argument** – gee die korrekte vorm van die woord) oor wat hy moet **9.3 (aansit/aantrek** – kies die korrekte woord) as 'n vriend hom vir 'n drankie nooi nie. Hy sal **9.4 (onmiddellik** – sinoniem) in sy motor klim en na die restaurant of **9.5 (bar** – gee die korrekte Afrikaanse woord) toe ry.

'n Vrou, daarenteen, se kop werk heeltemal anders: sy sal **9.6 (bv.** – skryf die afkorting voluit) eers moet besluit watter soort broek sy gaan dra. Sy sal **9.7 (baie ongelukkig** – gee die intensiewe vorm) wees as die broek van haar **9.8 (kies** – gee die korrekte vorm van die woord) haar nie **9.9 (maar/maer** – kies die korrekte woord) laat lyk nie. Daarna sal sy 'n **9.10 (top** – gee die verkleiningsvorm) wat die **9.11 (goed** – gee die oortreffende trap) by die broek pas, probeer kry. Sy besluit uiteindelik op 'n **9.12 (sonder moue** – gee een woord) bloesie. Sy kyk na die rye en rye **9.13 (poleer** – gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord) skoene in haar kas. Sy sien 'n foto van haar vriendin **9.14 (op/aan/teen** – kies die korrekte voorsetsel) die muur, en besluit om skoene aan te trek wat soos **9.15 (syne/haar s'n/hare** – kies die korrekte voornaamwoord) lyk. Sy kom uiteindelik om **9.16 (19.15** – skryf in woorde) by die restaurant aan.

[16 × ½ = 8]

VRAAG 10 TAALKOMMUNIKASIE

As skoolkinders Saterdag aan sportbyeenkomste deelneem, is dit dikwels interessanter om na die ouers se reaksies langs die sportveld te kyk as na die spel self. Veral party ma's leef hulle dikwels só in die spel in dat hulle nie eens agterkom dat ander mense hulle dophou nie.

Kyk na die prentjie hieronder en doen dan die volgende:



[Uit: WEG, Januarie 2009]

Elke respons hieronder moet 10 – 12 woorde lank wees (een of twee sinne).

- 10.1 Vrou nommer 2 **gebruik albei hande om na iets te wys**. Skryf nou neer wat sy sê terwyl sy dit doen. (2)
- 10.2 Vrou nommer 3 is **kwaad oor wat een van die opponente gedoen het**. Skryf neer wat sy vir hom skree. (2)
- 10.3 Vrou nommer 4 **probeer demonstreer watter beweging haar seun moet uitvoer**. Skryf neer wat sy vir hom skree om te doen. (2)
- 10.4 Die kort mannetjie agter haar (nommer 5) **lyk nogal geïrriteerd**, want die vrou gaan so tekere dat **hy nie goed kan sien nie**. Skryf neer wat hý op hierdie oomblik dink. Skryf die woorde neer soos wat hy dit dink. (2)
- 10.5 Die vrou heel regs (nommer 7) **frons en hou haar een hand voor haar mond**. Skryf haar gedagte neer soos wat sy dit dink. (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte